NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Desember 2006 December 2006

Redaksioneel

Vir my is dit moeilik om te glo dat ek alweer met die laaste Tambotie van die jaar besig is. Dit is onmoontlik om te dink hoe vinnig die tyd deesdae verbygaan. Kan jy nog onthou hoe lank dit geneem het om Kersfees te word toe jy hier by graad een se kant was? Of hoe lank dit was tussen die Oktober en die Desember vakansies? Hoe is dit dan moontlik dat 'n jaar deesdae so gou verby is? As 'n mens so daaraan dink kan jy nogal verklaar waarom jy toe nie by daardie spesiale projek, wat jy in elk geval al vir 'n paar jaar oorweeg, uit gekom het nie. (Ek is alweer besig om myself voor te berei om in die komende jaar die ding te pak en af te handel) Dit is natuurlik nou baie maklik om daaraan te begin dink vir 'n 2007-projek, want die teikendatum is so lekker ver weg.

Dear friends, I do hope that you will be more resourceful, and determined than me, and that you will make a decent effort to set your aims and resolutions for 2007 clearly and realistically so that you will be able to get them done successfully.

Here, at the end of another year, it may be good to look back and decide on what we have achieved in 2006. I believe that most of you will agree that we have had a good selection of informative and interesting talks and meetings. Furthermore, we had ample opportunity to learn from each other by means of the workshop crawls, the meetings of the cabinet makers, the toymakers and the turners' group. (It is a little bit sad that the toy makers had to cease their activities due to the fact that they could not raise enough members who are interested in this discipline. However, some of them are still at it on a more informal base, as was displayed at the exhibition.)

Dit bring ons by die uitstalling, wat hierdie jaar een van die hoogtepunte van die afgelope aantal jare was. (Baie van ons wonder steeds of dit nie die mees geslaagde uitstalling tot nog toe was nie.) Ons kon hierdie keer werklik sien dat ons lede tot baie verfynde en deeglike houtwerk in staat is. Die ontwerpe van 'n groot aantal stukke het beslis ook getoon dat daar mooi vordering in die vereniging is.

Ons had ook hierdie jaar die eerste keer een van ons lede, At Smit, wat 'n kunsuitstalling van sy eie draaiwerk gehou het, en wat uiters geslaagd was.

Indien ons in die komende jaar, en die jare daarna, op hierdie suksesse kan voortbou sal ons beslis uitvoering gee aan ons gestelde doelwit, naamlik om houtwerk in die algemeen te bevorder. Ons sal ook kan bydra om mense bewus te maak van die voordele van goeie vakmanskap waar houtmeubels en produkte ter sake is. Ek is oortuig daarvan dat ons met reg onself op die skouer kan klop en gelukwens met 'n geslaagde houtwerkjaar. (Dit beteken nie dat ons op ons louere kan rus nie, veral nie die van ons wat steeds nie heeltemal deel van die grootse poging was nie!) **Terloops, voorlopig kan julle maar die derde naweek van Oktober 2007 opsy sit vir die uitstalling- dit is die naweek waarop jy daardie nuwejaarsvoorneme-stuk gaan uitstal- hy moet dan reeds klaar wees. Jy kan nou al begin om jou familie en vriende ook te werf om dit by te woon!**

In view of what was said, we, the members of the Woodworking Association of Pretoria, hereby want to congratulate the Chairman and his committee, as well as the conveners of the various sub-groups for a job superbly done. This last year we gained a lot of experience and knowledge and we had lots of fun in doing so.

Dit is laastens vir my aangenaam om vir u almal 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige nuwe jaar toe te wens. Ons vertrou dat u almal uitgerus, en lus vir houtwerk, die nuwe jaar sal kan aanpak.

Programme December

Saturday 9 December, at 18h00: Year end function. Research Farm, University of Pretoria. It is a "bring and braai" function. The association will supply fires as well as a huge kettle of boiling water for coffee or tee. This is the last official slot where you will be able to speak to all those nice people of the association. We would really like to see all of you.

(The rest of the month is reserved for holiday, parties, visits to friends, woodworking on your own and anything else you may think of doing as long as you will be able to enjoy that which you are doing! Please try not to include work in this!)

Vorige vergadering

Na wat my vertel is, was die vorige vergadering, naamlik die besoek aan Nissan 'n baie groot sukses. Daar was 'n volle 17 lede wat hierdie "toer" kon mee maak. (Ek is ongelukkig een van die mense wat moet werk om te kan eet en kon ek dus nie ook deelneem nie)

Nissan het, volgens wat berig word, uit hul pad gegaan met 'n heel professionele aanbieding. Ons lede is deurgaans op die hande gedra. Elke lid het byvoorbeeld sy eie gehoortoestel (Radio'tjie?) gehad sodat hy ten spyte van geraas, of wat ookal, die heeltyd die pittige en goeie kommentaar van die begeleier kon volg. Almal was beïndruk met die professionaliteit van die fabriek. Dit is veral insiggewend dat die lede nie in die spuitverf lokaal toegelaat is nie aangesien hulle te "vuil" sou wees. Om 'n spuitverfafwerking, gelykstaande aan dit wat op motors gesien word te verkry moet die lokaal waar dit plaasvind **uiters skoon, stofvry en met beheerde klimaat wees** (Ek kan nou begin agterkom waarom ek so sukkel om goeie resultate met my spuitverf pogings te kry. Kan seker nie veel verwag in die stowwerige toestande waarin ek werk nie.) Interessant genoeg het die 17 lede, plus Louw Coetzer se vrou en die begeleier, in 'n Taxi na die besoekpunt toe gery! Dit is 'n ou tipe, nie een van hierdie nuwerwetses waaroor deesdae so baie berig en oor gestaak en betoog word nie. Nou weet hulle ook hoe ons mede burgers, wat daagliks met sulke vol voertuie reis, moet voel.

This visit was so impressive that at least one member mentioned to me that he will in future seriously consider a Nissan product when shopping for a car.
Thank you to Gerhard Durand who arranged this visit.

KAROB / CAROB (*Ceratonia siliqua*)

(Tydens die laaste vergadering van die draaiers was daar vrae gevra oor die Karob. Hiermee interessante feite in die verband- Red)

Hierdie immergroen boom is inheems van die Middellandse See-gebied en staan by ons ook as **Johannesbroodboom, St. John's Bread** en **Locust Tree** bekend. Volgens oorlewering het Johannes die Doper van hierdie boom se peule geëet, saam met die sprinkane, om in die woestyn te kon oorleef – vandaar die toepaslike volksnaam. Tans word karobmeel steeds vervaardig deur die peule te maal en vir veevoer te gebruik. Aangesien die plante eenslagtig is, is dit dus slegs die vroulike bome wat peule dra.

Wat egter minder bekend is, is dat die term "karaat" afgelei is van die Griekse woord **keration** wat na die saad van *Ceratonia siliqua* verwys. Die ander populêre naam **Karob / Carob**, is op een of ander manier hiervan afgelei. Oorspronklik is die saad van hierdie bome dus as 'n standaard gebruik om die massa van goud en edelstene te bepaal. Die presiese getal saadjies per "karaat" wat deur handelaars in hulle bekende panskaaltjies gebruik is, is egter nie bekend nie. Volgens die W.A.T. (1968) is daar ook andere wat meen "karaat" is van **kura** afgelei – dit is die saad van 'n plantsoort in Indië.

Vir diegene wat meer oor "karaat" wil weet, kan die volgende bygevoeg word:
Karaat is die gewigseenheid vir edelstene en pêrels. Een karaat is gestandaardiseer op 200 mg (3.085 gr.) en staan as die metrieke of internasionale karaat bekend. Die Cullinan-diamant byvoorbeeld het 3,025.75 karaat geweeg.

Karaat is ook die eenheid vir die bepaling van gehalte aan suiwer edelmetaal, veral goud en silwer. Oorspronklik was dit gelyk aan een vier-en-twintigste van 'n **mark**, 'n outydse gewig van ongeveer 246 g. Vandaar die benaming vir elke deel fyngoud in 'n legering volgens 'n standaard van 24 karate vir suiwer goud. Ons is daarvan bewus dat hoe meer "karate" daar in 'n goue ring is, hoe sagter is die metaal, maar ook hoe duurder. 'n Ring van 9 karaat het dus 'n goudlegering van 9 vier-en-twintigstes suiwer goud en 15 vier-en-twintigstes ander metaal of metale.

Lou Coetzer

The previous turners' meeting

Our last meeting for the year turned out to be as well attended and as enjoyable as usual.

Firstly we took note of the fact that Roger Courtney has decided to stand down as convener for the

turners' sub-group. Roger has been a stalwart in this group since it's inception some years back. The last year or so, he acted as the convener of the group and thus played an important part in the progress and success of this group. We will miss him, especially his incessant chatter and banter to inspire (irk) people enough to try and improve on their own skills! Willie de Wet was subsequently unanimously elected as the new convener.

In order to ensure that we will have a great start in the new year, it was decided that the homework for the new year will be a free choice. Apart from the homework, everybody was requested to pay serious attention to that which you yourself would like on the yearly program. Come with suggestions as to how we may structure our activities for the coming year to benefit all our members. (It is quite difficult to cater for beginners –that is our new members- as well as the advanced members.) We do not want to do things that beginners will not be capable of and thereby discourage them. At he same time we are very aware of the fact that we should not bore the more advanced members with too simple, and perhaps old, projects and demonstrations. To be able to cater for every one it is of utmost importance that members should contribute by making known what their own desires and needs are.

By hierdie byeenkoms het ons weer eens 'n verskeidenheid pragtige draaistukke gesien.

Lou Coetzer bekyk die items van November

Hierdie maand was daar 'n paar baie goeie kieries gedraai. (ongelukkig nie foto's hiervan gekry nie)

Die voorsitter se deel

Laat ek begin deur my beste wense toe te wens aan elke lid en sy/haar gesin vir die komende Kersgety. I would like to convey my best whishes for the festive season to all our members and their families.

Is dit nie verstommend hoe vinnig die jaar einde op 'n mens kan afsnel nie? Ongelukkig kom die werk nie ook so vinnig klaar nie en dit wil voorkom asof daar weer werk van hierdie jaar gaan oorstaan vir volgende jaar ten spyte daarvan dat 2007 reeds vol bespreek is.

Novembermaand was steeds 'n besige maand vir my. Op die eerste dag van die maand het ek besoek gehad van agt lede van die Carltonville se houtwerkver-eniging. Op hul versoek het ek sekere aspekte van houtdraaiwerk aan hulle gedemonstreer. Daar is ook aandag gegee aan die verskillende slypmetodes van houtdraaibeitels. 'n Baie aangename aand het blitsvinnig verbygegaan en ek verneem die manne het eers na twaalfuur tuisgekom.

Daar was ook die baie aangename besoek aan Nissan se aanleg in Rosslyn. Ek persoonlik geniet altyd besoeke aan sulke plekke en leer altyd iets nuuts. Baie dankie aan Gerhardt vir die reëling i.v.m. die besoek.

I was also asked to do turning demonstrations on the mini Jet lathe at the two open days that Hardware Centre held on 25 and 26 November. This was also my first visit to their new shop in the East Rand. I found it to be a very neat little (compared to the Randburg shop) shop but with all the nice and beautiful tools and gadgets that any woodworker can wish for.

Ek het noukeurig die afstand gemeet na die nuwe winkel en vanaf my huis is dit presies 7km nader as die Randburg hooftak met die bykomstige voordeel dat dit die Ben Schoeman se verkeer uitskakel. Vanaf 2010 sal dit amper bereikbaar wees met daardie 8ste wonder van die wêreld naamlik die Gautrein!

There are certain facts pertaining to our hobby that will always be very true and applicable. Here are a few to ponder over while you have nothing to do whilst on holiday.

1. Cheap tools are never cheap.
2. Spending time in sharpening tools is saving time.
3. Don't force a saw. If it cuts to slowly have it sharpened.
4. You are more likely to cut yourself with a blunt chisel than with a sharp one.
5. If you drop a chisel don't try to catch it.
6. If a piece of wood has nails in it, it is safer to borrow someone else's saw.
7. Borrowed tools are nearly always abused. Don't lend yours.

8. The bad workman blames his tools; the good one keeps his sharp.

When speaking of tools it is most appropriate to paraphrase the known quotation, "No matter how well something is made, someone always finds a way to make it a little cheaper and a little worse."

Geniet die welverdiende rus en terwyl julle so rus dink 'n bietjie aan **geskikte** lede wie julle graag wil hê om volgende jaar op die komitee moet dien en bring ook oorspronklike voorstelle van aktiwiteite vir die komende jaarprogram.

REG BEDOEL MAAR VERKEERD GESÊ ?

(Lou Coetzer het goedgunstiglik wat hierop volg aan my verskaf sodat ons moontlik so 'n bietjie na ons taalgebruik ook kan kyk. Ek dink dit is heel gepas, veral in hierdie tye waar ons taal soveel druk moet verwerk –Red)

'n Vorige maand, tydens ons byeenkoms, het dit my weer getref hoe maklik mens verkeerd kan praat en skryf. Dit is meesal nie doelbewus nie, maar word in sommige gevalle deur algemene gebruik so ingeburger dat mens nie meer agterkom jy gebruik die verkeerde term nie. Ek verwys hier na die gebruik, onder sekere omstandighede, van die term lugdruk in plaas van die korrekte druklug (saamgeperste lug). Baie van julle het seker al in gesprekke met iemand wat vir water laat boor het, gehoor dat daar met 'n "lugdrukboor" na die water gesoek is. Hiermee word dan geïmpliseer dat die boor met lugdruk werk. Dis natuurlik onmoontlik, want lugdruk is 'n drukking (massa) van 'n kolom lug wat ongeveer 101.3 k Newton per m^2 by seevlak, oftewel sowat 0.1 Bar, bedra. Waar druklug egter benodig word, word 'n kompressor gebruik om die lug mee saam te pers sodat dit onder hoë druk beskikbaar is om mee te werk; dus kan ons verwys na druklug of saamgeperste lug. Dit geld natuurlik ook vir die werking van spuitkanne (verfkanne) van spuitsisteme waarmee verf of vernis aangespuit word, sowel as vir sogenaamde pneumatiese gereedskap waar daar ook van 'n kompressor en saamgeperste lug gebruik gemaak word. Dit is net eenvoudig nie moontlik vir sulke apparate om met lugdruk te kan funksioneer nie.

Dit bring my by die saamgeperste lug self. In so 'n silinder met saamgeperste lug is dus 'n klomp lug met verhoogde potensiële energie opgesluit. Dit het 'n klomp energie gekos om daardie lug in die silinder in te pers. Dink byvoorbeeld daaraan hoeveel energie dit van jou liggaam verg om met 'n handpomp jou bakkie se pap band weer styf te pomp. Sodra jy die klep van so 'n silinder oopmaak, stel jy die lug met die verhoogde potensiële energie vry waarmee werk dan verrig kan word.

Einde van die jaar funksie
End of year function

This is the last reminder of the end of the year function, Come on ladies and gentlemen, bring your spouses, family etc and enjoy this evening with the rest of us! Hierdie is die ideale geleentheid om vir oulaas te tob oor wat in 2006 met die houtwerk gebeur of nie gebeur het nie. Jy kan hier ook begin gesels oor die projekte wat in die nuwe jaar mag realiseer. Ongeag waaroor jy wil gesels, jy gaan nie maklik oor hierdie feesseisoen 'n gawer klomp ouens as ons raakloop, of beter geselsskap kry as wat op 9 Desember vir jou beskikbaar sal wees nie. Kom ons maak ook van hierdie laaste byeenkoms van die jaar 'n groot en aangename sukses.

REDAKSIE

Redakteur: Louw Trichardt
Adres: Posbus 50606, Wierdapark, 0149
Telefoon: 012 653 1874
E-pos: louwmarie@icon.co.za